# INLEIDING TOT DIE BELANGRIKSTE METODES IN DIE MODERNE LITERATUURWETENSKAP - 'N METODOLOGIESE BENADERING

**Dr. B.H.J. van der Berg**

*ABSTRACT*

*The article opens with a brief discussion of the development of literary theory as an independent discipline in the twentieth century. The author then provides some theoretical background and discussion of two main streams of modern literary method: Positivism and Hermeneutics.*

*Under the heading of Positivism he deals with Positivism and critical rationalism, critical theory, the work of Karl Popper, and finally Positivism and Empiricism in literary theory, ending with a look at contemporary positivist literary theory.*

*Under the heading of Hermeneutics he deals with the systematic design and history of this approach. He also refers to Schleiermacher, Droysen and Dilthey in his discussion. Gadamer is subsequently looked at, and he closes this section with a look at the hermeneutic circle.*

*The article ends with a discussion of Habermas and critical Hermeneutics, culminating in the reception-theoretical work of Hans Robert Jauss.*

*He comes to the conclusion that elements from both schools discussed here can fruitfully be used, as a single method tends to provide incomplete data.*

## BEGRIPSPRESISERING

René Wellek wys met reg daarop dat die 20e eeu by uitstek op die benaming "kritiese eeu" mag aanspraak maak. 'n Stroom van literêr-kritiese werke word daagliks oor die

letterkundige navorser uitgegiet, vele van hierdie publikasies totaal onkrities ontwerp. Vir baie dekades is hierdie werke ewe onkrities ontvang en sedert die Tweede Wêreldoorlog onder die ietwat vae dissipline "literatuurwetenskap" gekategoriseer. Eers in die sestigerjare - en dit ook slegs as gevolg van die geweldige belangstellingsontploffing in die moderne linguistiek en die daarmee gepaardgaande eksistensbedreiging van die tradisionele literêre wetenskap - dring die besef deur dat metode, met ander woorde die wyse waarop deur wetenskaplike navorsing tot bepaalde persepsies gekom kan word, ook in 'n sisteem georden moet word (vergelyk Hauff e.a., I, 1972: 1). Metodologie word as nuwe ordenende prinsiep van metodes die fokuspunt van die navorser. Onder metodologie moet dus die bestudering en differensiëring van verskillende metodes verstaan word, dit wil sê die teorie van metodes (metateorie) wat die verskillende prinsiepe van wetenskaplike navorsing en persepsie ondersoek en sistematiseer. Vir die literatuurwetenskap het dit dié belangrike betekenis gehad dat die fundamentele prinsiepe en doelstellings van dié vakwetenskap in lewendige diskussies onder die vergrootglas geneem is, dermate dat hieruit 'n nuwe wetenskaplike dissipline ontwikkel het.

## BEGRIPSTEORETIESE GRONDSLAE VAN ENKELE MODERNE LITERêRE METODES

### Positivisme

#### *Positivisme en kritiese rasionalisme*

Die kritiese rasionalisme van Karl Popper gaan van die standpunt uit dat geen bewering met betrekking tot die werklikheid absoluut is nie, dat ons geformuleerde insae bloot hipoteties is en aan empiriese eksperimente onderwerp moet word ten einde die legitimiteit daarvan te beproef. Hieruit sal blyk dat ons begrip van die werklikheid nooit met sekerheid geverifieer kan word nie, maar enkel en

alleen gefalsifieer kan word. Hierdie eksperimentele valsifiëring verteenwoordig egter 'n positiewe ontwikkeling in ons waarneming. Sodra 'n bepaalde hipotese naamlik gefalsifieer word, neem 'n volgende hipotese sy plek in.

Hier is dit insiggewend om daarop te let dat die ouer positiviste (Comte en andere van die 19e eeu) van die monistiese wetenskapsteorie uitgaan waarvolgens die metodes en begripsdoelstellings van byvoorbeeld die geesteswetenskappe ook op die natuurwetenskappe van toepassing gemaak word (vergelyk Hauff e.a., I, 1972: 30.)

*Positivisme en die kritiese teorie*

Die verteenwoordigers van die kritiese teorie, Adorno, Habermas en andere gaan van die aanname uit dat die wetenskap of te wete persepsie *(Erkenntnis)** legitieme waarheid is wat bewys kan word, dit wil sê empiries bewysbare waarheid. Hulle verwerp die absolute aanspraak van 'n monistiese teorie as relatief en irrelevant op grond van die aanname dat ons begrip onbetroubaar en beperk is, daar dat dit nie meer deur bepaalde en vaste vorme van 'n gemeenskaplike menslike bewustheid gelegitimeer kan word nie.

*Die "positiewe stadium" van die wetenskap - Auguste Comte*

Auguste Comte fundeer sy rangskikking van alle wetenskappe in 'n hiërargie wat in ooreenstemming met metode en objek van die navorsing vanaf die mees algemene en abstrakte tot by die mees subjektiewe en konkrete wetenskap strek, op die aanname dat elke vertakking van ons *Erkenntnis* drie toeretiese stadiums deurloop (vergelyk Hauff e.a. 1972: 64). Die eerste stadium is die teologiese of fiktiewe toestand, die tweede is die metafisiese of abstrakte toestand, die derde die wetenskaplike of positiewe toestand. Hiervolgens word in die eerste fase alle subjektiewe wense en voorstellings

* Ek verkies om die begrip 'Erkenntnis' met 'persepsie' of 'begrip' te vertaal, en nie met 'kennis' ('Kenntnis') nie.

omvorm tot demone en goddelike wesens. In die tweede fase word hierdie wense en voorstellings tot abstrakte begrippe uitgebou. In die derde fase vind 'n duidelike skeiding tussen die innerlike en die uiterlike en tussen gegewe feitlikhede van die innerlike en uiterlike ervaring plaas. Die teologiese toestand is daardie punt waarby ons begrip begin; die positiewe toestand is die finale toestand; die metafisiese toestand dien slegs as oorgang van die teologiese tot die positiewe. In die eerste stadium wend die gees hom tot die innerlike natuur van die dinge, tot die kousaliteit en doelstellings van al sy ervarings, met ander woorde hy soek na absolute begrip. In die tweede stadium word hierdie empiriese insig tot abstrakte begrippe omvorm. In die finale stadium begryp ons die onmoontlikheid van ons strewe om tot absolute begrip te kom, as gevolg waarvan ons ons poging laat vaar om oorsprong en bestemming van die heelal te bepaal. In die plek daarvan probeer ons nou om die gemeenskaplikheid van verskillende feitlikhede te ontdek en die geïsoleerde verskynsels met betrekking tot mekaar en tot die algemene feitlikhede te orden.

Hierdie benadering kom tot die volgende konklusies: In die teologiese fase manifesteer die voorstelling van 'n enkele voorsienigheid hom in die plek van 'n menigte van mekaar onafhanklike gode; in die metafisiese fase vind die samevoeging van die verskillende entiteite tot 'n algemene entiteit plaas, naamlik in die vorm van die natuur wat as die bron van alle verskynsels erken word; in die positiewe fase word alle verskynsels as spesifieke illustrasie van 'n algemene feit geopenbaar (soos byvoorbeeld die wet met betrekking tot gravitasie), met ander woorde 'n wet word geformuleer. Vir Comte het alle wetenskappe wat tot die positiewe toestand gevorder het, voorheen uit metafisiese abstraksies bestaan en is oorspronklik deur teologiese begrippe beheers. Die gelyktydige benutting van die teologiese, metafisiese en positiewe filosofie kan egter slegs tot algehele verwarring lei - een van hierdie

drie filosofieë moet dominerend wees voordat die samelewing geordend kan funksioneer. Dit is duidelik dat die positiewe stadium, in soverre dit van suiwer waarneming, eksperiment en die vergelykende metode uitgaan, die enigste weg is wat vir Comte tot hierdie geordende toestand kan lei.

*Begripsteorie van die kritiese rasionalisme – Karl Popper*

Die gevorderde resultate van die neopositivisme of die sogenaamde moderne empirisme van die 20e eeu het veral natuur- en sosiaalwetenskaplike insig vermeerder. Wat hierdie filosowe en teoretici in gemeen het, is die oortuiging dat dit onmoontlik is om deur suiwer nadenke en sonder empiriese kontrole (via waarneming) tot ontsluiting van die geaardheid en die wetmatigheid van die werklike wêreld te kom. Hierdie empiriese kontrole laat Popper tot bepaalde gevolgtrekkinge kom waaruit twee hipoteses kristalliseer: in die eerste instansie kom die wetenskaplike tot die besef dat ons besef dat ons onkunde perkeloos en ontnugterend is; in die tweede instansie ontdek ons dat ons pogings om 'n bepaalde probleem op te los, nie net nuwe probleme teëkom nie, maar dat ons ook ontdek dat daar waar ons gemeen het om op vaste bodem te staan, alles onseker en wankelend is, met ander woorde dat ons kennis gebrekkig en volledig is (vergelyk Popper, 1974: 103). Toenemende kennis is in der waarheid dus die toenemende bewustheid van ons onkunde. Begrip begin by probleme; 'n probleem begin met die spanning tussen kennis en onkunde, dit wil sê geen kennis is sonder 'n probleem, maar ook geen probleem sonder kennis moontlik nie. Elke enkele empiriese begrip is paradoksgewys dus slegs 'n teorie, 'n poging tot 'n oplossing, 'n blote hipotese. Hierdie teorie kan nooit geverifieer word nie (induksie) en is net geldig totdat dit gevalsifieer word (deduksie) - "waarheid" is dit wat hier en nou werklikheid is. Ons uitgangspunt is dus altyd problematies, en is slegs dan geldig, *wanneer* dit 'n probleem identifiseer. Is die gegewe vir Comte absoluut, vir Popper is dit daarenteen nie verifieerbaar, dus ook nie absoluut nie - die gegewe

word deur die hipotese wat altyd tentatief geldig is, verdring. 'n Sogenaamde wetenskaplike vak is gevolglik niks meer as 'n afgebakende en gekonstrueerde konglomeraat van probleme en eksperimentele oplossings nie. Hierdie eksperimentering kan slegs deur die empiriese implementering van ons afgeleide konklusies geskied, met ander woorde deur die deduktiewe metode kom ons tot persepsie van die waarheid. Die belangrikste funksie van die suiwer deduktiewe logika is die kritiek. In die wetenskappe werk ons met teorieë, dit wil sê met deduktiewe sisteme. 'n Teorie, of dan 'n deduktiewe sisteem, is in die eerste plek 'n poging om 'n bepaalde fenomeen te verklaar, is dus 'n poging om 'n wetenskaplike probleem op te los; in die tweede plek is 'n teorie, dit wil sê 'n deduktiewe sisteem, as gevolg van die bepaalde konklusies waartoe hy kom, kritiseerbaar, en is as sodanig slegs 'n potensiële oplossing wat aan rasionele kritiek onderworpe is. Die doel van kritiek is om die absolute of objektiewe waarheidsaansprake te rehabiliteer. Uitgaande van die noodsaaklikheid van kritiek as kontrolerende instansie, kom Popper tot die gevolgtrekking dat daar geen suiwer empiriese (waarnemende) wetenskap is nie, maar net wetenskappe wat meer of minder bewustelik en krities teoretiseer.

*Positivisme en empirisme in die literatuurwetenskap*

*Die negentiende eeu - Historisme*

Die resultaat van die Europese Aufklärung is 'n moderne historiese bewustheid, 'n konsepsie van natuur, gemeenskap en geskiedenis as immanente verskynsels van menslike persepsie. Hiervolgens word alle fenomene, of dit polities of kultuurgeskiedkundig is, as uniek, onherhaalbaar en tegelykertyd as histories bepaal gesien. Die geskiedenis van die mens word verstaan as die geskiedenis van die genese van individuele entiteite wat in die historiese proses ontwikkel het.

Die historisme van die negentiende eeu word gekenmerk deur 'n vermindering van die aksent wat op ontwikkeling (die sogenaamde "Fortschrittsglauben") geplaas word. Ranke het die nuwe benadering treffend in die volgende woorde geformuleer: "Elke epog staan in 'n direkte verhouding tot God, die betekenis van sodanige epog berus glad nie op dit wat daaruit tevoorskyn kom nie, maar berus op sy eie eksistens, op sy eie self" (Hauff, e.a., I, 1972: 40). Die tweede helfte van die negentiende eeu word dus gekenmerk deur 'n relativisme wat alle historiese fenomene as gelykwaardig laat geld, as gevolg waarvan 'n besliste wending tot detail- en stofversameling, tot beskrywing van feitlikhede sonder 'n historiese oriëntering met betrekking tot die betekenis van die geskiedenis volg.

*Die Scherer-periode*

Met die bloeitydperk van die klassieke kuns om en by die jaar 1800 as vertrekpunt, bereken Scherer drie groot periodes in die Duitse digkuns met hoogtepunte in 1800, 1200 en 600. Ten einde egter met betrekking tot die enkele literêre fenomeen reg te kon laat geskied aan die vergelykend-beskrywende metode, was nuwe kategorieë nodig om dit in ooreenstemming met die wet van kousaliteit en gevolg in 'n feitelike sisteem te orden. Na analogie van Hippolyte Taine se teorie waarvolgens hy kunswerke en kunstenaars as gedetermineer deur ras, milieu en geskiedkundige moment beskou, ontwikkel Wilhelm Scherer die histories-genetiese metode. Scherer het van sy program verwag dat dit ten opsigte van korrektheid, finaliteit en intersubjektiewe kontroleerbare objektiwiteit op dieselfde niveau as die natuurwetenskappe sou staan. Elke literêre produk is dienooreenkomstig as historiese dokument beskou, en die taak van die navorser moes wees om elke enkele detail, elke biografiese aspek te ondersoek. In dié proses is die estetiese dimensie van letterkunde genihileer tot maar nog net een van die vele aspekte van digkuns. Die individuele werk van 'n digter word gereduseer tot die somtotaal van stofgebiede,

bronne, aangeleerde motiewe en stylmomente. Tekstuele insig beteken bloot die rekonstruering van die digter se intensies. Die resultaat van hierdie navorsing is, net soos by die natuurwetenskappe, die somtotaal van die gemeenskaplike en algemene feitelike eienskappe van die onderwerp wat bestudeer word.

Die belangrikste prestasies van die Scherer-skool op die gebied van literatuurwetenskap is geleë in biografieë, bronnenavorsing en teksedisies (byvoorbeeld die Wiemarse Goethe-uitgawe, Schiller-uitgawe, literatuurgeskiedenisse, historiese oorsigte oor die ontwikkeling van die grammatika, woordeboeke ensovoorts.)

*Kontemporêre positivistiese literatuurwetenskap*

Die positivisme is vandag as literatuurwetenskap grotendeels deur geestesgeskiedkundig-hermeneutiese, formalistiese, stylgeskiedkundige en ander metodes verdring. Enkele interprestasietegnieke en persepsionele benaderings tot die bestudeerde objek in die tradisie van die positivisme het egter nog aktueel gebly.

*Teksanalise - historiese interpretasie*

Versameling, sifting en sistematisering van gegewe materiaal is een van die belangrikste take van teksedisies. Bronne, voorbeelde en verklarende parallelle word ondersoek met die oog op diskrepansies tussen byvoorbeeld teks en bron. As teks en bron byvoorbeeld nie ooreenstem nie, word bepaalde hipoteses met betrekking tot hierdie verskille geformuleer - kritiese vormanalises is die produk van hierdie metode van navorsing.

*Struktuuranalise - werkimmanente interpretasie*

Grammatikale strukture, retoriek, metrum en stylelemente van 'n bepaalde gedig of literêre werk word as onveranderlike

eienskappe van dié bepaalde teks ondersoek. Hierdie positivisties-beskrywende metode beperk hom tot elemente wat in die literêre teks self aanwesig is, en moet dus as werkimmanente analise bestempel word.

*Literatuur as histories-maatskaplike fenomeen - biografiese interpretasie*

Die interpretasie van 'n teks word hiervolgens bepaal deur ekonomiese, sosiale en biografiese feite wat in direkte korrelasie tot literêre teorieë, norme van die bepaalde genre en die verwagtinge van die leserspubliek staan. Hierdie literêr-sosiologiese feite (vergelyk Jens, 1961: 61) is in 'n hoë mate empiries kontroleerbaar en geld as waarheidskriterium vir die geïnterpreteerde standpunte van die literêre kritikus.

*Empiriese literatuursosiologie - statistiese interpretasie*

Op die gebied van die empiriese literatuursosiologie word die induktief-positivistiese benadering en die empiries-deduktiewe logika met mekaar gekonfronteer. In hierdie proses word vrae gestel oor statistiek, die publieksosiologie (ontwikkelingsniveau van die leser, gemiddelde en ideale leser ensovoorts) asook die sosiologie van die outeur, boekemark en literêre instellings, metodes van onderhoudvoerings met skrywers ens.


Hermeneutiek

*Sistematiese ontwerp*

Hermes, aan wie die uitvinding van taal en skrif toegedig word, het die taak gehad om te verkondig, te verklaar, uit te lê, met ander woorde om begrip oor te dra. Dié term het egter 'n betekenisverandering ondergaan en beteken tans die "leer van die uitlê van metodes" (Gerhard Ebeling, by Hauff, e.a., II, 1972: 1). Friedrich Schleiermacher

het hermeneutiek beskou as die kunsleer van begrip. Vir Wilhelm Dilthey is dit die kunsleer van die begrip van skriftelik gefikseerde lewensbeskouinge (met ander woorde die historiese komponent word bygevoeg) en vir Martin Heidegger die basiese filosofiese persepsieteorie as fondament vir die spesiale persepsieteorieë en metodologieë van die afsonderlike geesteswetenskaplike dissiplines, naamlik geskiedenis, teologie en filologie (dit wil sê die wêreldervaring in sy geheel word geïnkorporeer (vergelyk Hufnagel, 1976: 26).

Die hermeneutiese denkproses vergestalt die interafhanklikheid van die enkele geval en die geheel waarvolgens 'n geïsoleerde teks teen die agtergrond van 'n bepaalde lewensbeskouing geïnterpreteer word en na gelang van die interpretasie van sulke geïsoleerde tekste die navorser 'n begrip van die somtotaal van lewe ontwikkel. Die hermeneutiese proses beantwoord dus nòg aan die premises van 'n induktiewe, nòg aan dié van 'n deduktiewe benadering, maar word gekonkretiseer in 'n hermeneutiese sirkel.




Die objek is die literêre teks, die subjek die leserspubliek of die literêre kritikus en die omstandighede wat sy denke, persepsie of interpretasie beïnvloed. Hierdie filologiese sirkel ontsluit 'n hele nuwe skala van veronderstellings wat by die interpretasie geïnkorporeer word, soos byvoorbeeld 'n vergelyking tussen die maatskaplike, morele en geestelike omstandighede soos dit was ten tye van die konsipiëring van die teks en soos dit tans daar uitsien. Die kritikus

moet bsluit of 'n teks beoordeel moet word volgens die maatstawwe wat ten tye van die konsipiëring daarvan geldig was (Heidegger, Habermas), en of dit gemeet moet word aan die maatstawwe wat tans geldig is (Dilthey). Die eersgenoemde, historiese benadering bestudeer nie net die geesteswetenskaplike perspektiewe van die epog van publikasie nie, maar ook die verband van die geïsoleerde teks met die ander werke van die bestudeerde outeur, die algemene literêre eienskappe van sy tyd, die nasionale of kultuureenheid, asook die tradisie van die vorme en genres van sy epog. Daarenteen is die werkimmanente benadering van Dilthey onvolledig en in baie opsigte onkrities, aangesien dit van die kriteria van die hede uitgaan en die teks as geïsoleerde fenomeen analiseer.

*Geskiedenis van die hermeneutiek*

Luther se standpunt ten opsigte van die Heilige Skrif dat dit *'sui ipsius interpres'* met ander woorde die interpreteerder van homself, lei die ontwikkeling van die hermeneutiek in die moderne geskiedenis in. Die navorser het nou tot die besef gekom dat die mens histories moet dink, en dit beteken dat elke epog as uniek erken en bestudeer moet word.

*Schleiermacher en romantiese hermeneutiek*

Schleiermacher begin 'n nuwe tradisie deurdat hy die aksent vanaf die teksfilologie na die psigologie van die outeur verplaas. Hy stel nie belang in 'n onbegrypbare, komplekse tekstuele pasasie nie, maar eerder in die vreemdheid of andersheid van die outeur. Ten einde 'n literêre teks te kan verstaan, moet die navorser eers die outeur of spreker verstaan. Hiervolgens moet die skeppingsproses van 'n teks herkonstruktureer word. Die skeppende karakter van kunsproduksie kan slegs in die skeppende daad van kunsinterpretasie verstaan word. In 'n proses van wisselwerking tussen die geheel (die individualiteit van die subjek)

en die dele (die afsonderlike objektiverings van byvoorbeeld filosofiese of poëtiese tekste) neem die begrip van die navorser dermate toe dat 'n ruspunt uiteindelik bereik word, naamlik dan, wanneer die navorser die outeur of digter beter verstaan as wat die outeur of digter homself verstaan het. Hierdie 'beter verstaan' word primêr in 'n estetiese wêreldverhouding gemanifesteer - die gestaltingsfenomeen van 'n vrye produktiwiteit - en nie soseer in 'n kritiese evaluasie van die saaklike inhoud nie.

*Droysen en die historici*

Johan Droysen se "Grundriss der Historik" (1868) word tot vandag toe nog erken as die belangrikste handboek vir geesteswetenskaplike metodologie. Droysen verplaas die aksent vanaf die objek na die subjek van historiese navorsing. Hierdie subjek kan volgens Droysen homself nooit in die verlede van die objek van bestudering verplaas en hierdie verlede verstaan soos wat dit in die werklikheid was nie. Die kritikus (subjek) moet homself eers vertroud maak met die kriteria van die hede, voordat hy hom byvoorbeeld aan 'n historiese literêre teks mag waag. Vir hom berus ons hele wetenskaplike benadering op die aanname dat ons die verlede nooit weer kan reproduseer nie, maar dit alleenlik kan benut om ons eie vooronderstellings op 'n vaste grondslag te plaas, dit vanuit 'n ander perspektief te sien of te verbreed. Ons moet dus navorsend verstaan - dit wil sê slegs omdat ek navorsing doen, verstaan ek. "Dit wat was, interesseer ons nie omdat dit was nie, maar omdat dit in 'n sekere mate nog is, vir sover dit nog werksaam is, omdat dit in die totale samehang van die dinge staan wat ons die geskiedkundige, dit wil sê morele wêreld, die morele kosmos noem" (Droysen, by Jauss, 1973: 226-227). Vir Droysen is die vertelling die basiese vorm van geskiedkundige waarneming en historiese verklaring. Vir die literêre vorm of kunsgenre as historiese eenheid geld dit wat Droysen van die individualiteit van volkere sê: "Hulle verander in die mate wat hulle geskiedenis

het, en hulle het geskiedenis in die mate wat hulle verander" (Jauss, 1973: 230). Geskiedenis is in dié opsig 'n kontinuum waarvolgens die vroeëre deur die latere verbreed en aangevul word.

*Dilthey en die geesteswetenskappe*

Volgens Dilthey is die belangrikste veronderstelling van die geskiedswetenskap die feit dat die navorser self 'n geskiedkundige wese is. Die geesteswetenskappe vors die mens en sy verhouding tot ander mense na, asook sy verhouding tot die natuur. Daar bestaan dus 'n interaksie tussen mens, gemeenskap en natuur. By die analise van byvoorbeeld 'n literêre teks is die konkrete lewenservaring en wêreldbeskouing van die navorser uitgangspunt en basis vir die navorsing en persepsie van die bestudeerde mens in sy verhouding tot medemens en natuur. Dit is 'n drieledige proses van belewe, lewenservaring en verstaan, 'n proses van hermeneutiese selfoordenking. Daarom is vir Dilthey belewe en verstaan vanselfsprekend onderskei in die self en die ander, met ander woorde subjek en objek. Die objek (ander) verstaan mens net in sy verhouding tot die subjek (self). Daarvolgens analiseer Dilthey slegs dit wat immanent in 'n teks gekonkretiseer is en dit wat die subjek kan verstaan. Tydafstand en andersoortigheid tussen hede en verlede word totaal buite rekening gelaat, aangesien alle geskiedkundige perspektiewe vir Dilthey relatief is en betekenisveranderinge met die verloop van tyd ondergaan. Die geskiedkundigheid van die individuele lewe en die geskiedkundigheid van die individuele wêreldbeskouing bepaal die geskiedkundige, dit wil sê individuele struktuur van die geesteswetenskappe. Derhalwe is alle historiese geesteswetenskaplike interpretasie, analise en konstruksie tentatief, onafgehandeld, prinsipieel onderworpe aan voortdurende revisie. Die gebrek in Dilthey se metode lê opgesluit in sy antwoord op die vraag hoe die objektiverings van lewe en gees, dit wil sê die standpunte van ander mense verstaan kan word. Dilthey fundeer alles op die

individuele, subjektiewe lewenshorison. Vir hom is daar 'n strukturele verband tussen die subjek en die objek, as sou daar 'n bepaalde gelyksoortigheid tussen alle mense bestaan. Indien byvoorbeeld alle mense Christene sou wees, sou ons so 'n gelyksoortigheid kon veronderstel; nou is alle mense egter nie gelyksoortig nie, maar word ons eerder gekenmerk deur ons andersoortigheid. Die taak van die wetenskap en sy objektiewe persepsie is egter juis om die relatief geldige perspektiewe van geskiedkundige individue en hulle subjektiewe standpunte op te hef en op dié wyse die menslike persepsieproses te voltooi en te beskerm teen subjektiwiteit en willekeurigheid. By Dilthey ontbreek 'n totale historiese oorsig egter as gevolg van 'n oorbeklemtoning van die individuele, subjektiewe lewens- en persepsionele perspektief van die werkimmanente navorser.

*Gadamer en "wirkungsgeschichtliches Bewusstsein"*

Hans-George Gadamer ondersoek die relevansie van die oorgelewerde kennis en persepsie vir die hede, en hy dui aan dat die histories-hermeneutiese denke vanaf Schleiermacher tot by Dilthey in 'n doodloopstraat van positivistiese historisme moes eindig. Gadamer bestudeer die funksionaliteit van die individuele probleembewustheid vir die persepsie van historiese fenomene, asook die verhouding van lewenservaring tot wetenskaplike navorsing. Hy onderskei twee kategorieë in sy hermeneuties gefundeerde model, naamlik die gespreksituasie en die verhouding van tradisie en geskiedenis.

Die gesprek is 'n proses van verstaan en verstaan-maak; derhalwe is die fundamentele struktuurmomente daarvan oopheid, skeptisisme en die bereidwilligheid tot revisie van vooropgestelde idees. Die gesprek is 'n bepeinsing van my aannames: "Net deur hierdie bepeinsing is ek nie langer aan myself gebonde nie maar kan ek oor die reg of onreg van my aanname vry oordeel. Daarin lê egter opgesluit dat die vooroordele wat my aanname lei, immers ook op die spel geplaas moet word - tot en met hulle

prysgawe, wat natuurlik immers ook omvorming kan beteken. Want dit is die onuitputbare krag van ervaring om in alle leersituasies steeds nuwe aannames te formuleer" (Gadamer, 1973: 78). Selfs die negatiewe ervaring is dus vir Gadamer produktief. Oopheid bevorder die kommunikatiewe proses deurdat dit die navorser vir nuwe ervarings gereed maak.

Literêre interpretasie is dus niks meer of minder nie as 'n ope gesprek met 'n teks waartydens alle tradisionele norme van denke, optrede en handeling bevraagteken word. Teksinterpretasie is 'n voortdurende proses van vra en antwoord ten einde dit wat ver is, nader te bring, die "vreemdheid te oorwin, 'n brug tussen destyds en nou" te bou (Gadamer, 1973: 62). Net langs hierdie weg kan die navorser die moderne herken deurdat hy van die verskil tussen die verlede en die hede bewus raak.

Hieruit kan duidelik afgelei word dat Gadamer besondere waarde aan tradisie en geskiedenis heg. Die hede staan altyd in 'n dialektiese en gebroke verhouding tot die geskiedenis en dreig om dit te verdring. Gadamer waarsku daarteen en beveel 'n aanpassing van die tradisie aan. Hierdie aanpassing moet as persepsionele proses verstaan word: die hede moet vasstel watter aspekte van die tradisie nog funksioneel in die hede is. Die geskiedenis moet geïntegreer word, nie ter wille van die verlede nie maar ten einde die hede te kan verstaan. Sy hipotese is dat die historiese benadering vanaf Schleiermacher tot by Dilthey deur 'n metodologie vanselfsprekendheid gekenmerk word wat bepaalde feite buite rekening gelaat het, terwyl hierdie feite inderdaad noodsaaklik vir begrip van die hede is. Die historisme het vanuit objektiewe perspektiewe die geskiedenis bestudeer, ten einde die verlede te kon verstaan; dit het egter nagelaat om hierdie insig in die hede te integreer, as gevolg waarvan hulle navorsing nie tot hermeneutiese persepsie gevorder het nie. Wetenskaplike begrip van filosofie, kuns en geskiedenis is om aan die waarheid deel te hê. Die tradisie van die Westerse wetenskapsgeskiedenis word gekenmerk deur scientia

practica, dit wil sê 'n praktiese filosofie (vergelyk Gadamer, 1973: 286). Dit impliseer dat die hermeneutiek nie die verlede mag abstraheer nie, maar dit moet aanwend ten einde bepaalde probleme wat ons begrip blokkeer, uit die weg te kan ruim.

*Die hermeneutiese sirkel*

Uit bogaande blyk dus duidelik dat die kontemporêre hermeneutiek dit as sy taak beskou om die invloed van die geskiedenis op die hede te kontroleer. Voordat die navorser 'n teks kan analiseer moet hy 'n voorbegrip (*Vorverständnis*) 'n verwagtingshorison, 'n antisipasie formuleer, want daarsonder kan hy die ter sake waarheid nie ontdek nie. Hierdie voorkennis verwerf die navorser deur 'n geskiedkundig gevormde denke. Is daar 'n korrelasie tussen die teks en sy voorkennis en verwagtingshorison, dan is dit 'n vanselfsprekendheid; korreleer dit egter nie met die verwagtingshorison nie, neem die navorser aanstoot - eers op hierdie moment word die eksplisiete interpretasie van die teks noodwendig. Die integrering van dit wat vreemd en anders is met dit wat bekend en vertroud is, vind binne die denkfiguur van 'n hermeneutiese sirkel plaas vanuit die dialektiese posisies van interpreteerder en teks, van voorkennis en analise van die saaklike details.

Die navorser het vanweë sy openheid teenoor die literêre teks nou 'n stadium van revisie bereik. Sy ervaringe word deur hierdie dialektiese proses verryk en sy horisonne verbreed deurdat hy nie vasgevang bly in dit wat hy geantisipieer het nie, maar hom beywer om dit wat die teks hom aanbied te *verstaan*. Gadamer verlang dat die "hermeneuties geskoolde bewustheid vir die andersoortigheid van die teks apriories ontvanklik ( moet ) wees. Sodanige ontvanklikheid voorveronderstel egter nòg saaklike 'neutraliteit' nòg selfprysgawe, maar sluit die kontrasterende toepassing van die eie voorbegrip en vooroordele in" (Hauff e.a. II, 1972: 24). Die eksplisiete interpretasieproses resulteer

dus in die modifikasie van aprioriese ontwerpe en oriënteer die verwagtinge. Die hele proses herhaal homself in nuwe sirkels by elke analise-situasie sodat die totale ontwikkelingsproses altyd onvoltooid bly.

### *Habermas en die kritiese hermeneutiek*

#### *Taal as kommunikatiewe aspek*

Soos Gadamer beskou ook Jürgen Habermas die positivistiese model van persepsionele subjek en persepsionele objek wat direk teenoor mekaar staan (vergelyk Dilthey) as ontoereikend vir die metodologiese fundering van die geesteswetenskappe. As alternatief stel hy eweneens die kommunikatiewe gespreksituasie tussen tolk en teks voor. Die tolk het net soveel reg op deelname as wat die teks wat ontleed word, daarop het: "In die plek van die verhouding van waarnemende subjek en objek tree hier die verhouding van deelnemende subjek en objek (...).Begrip is ŉ kommunikatiewe ervaring" (Habermas, 1973: 227). Dit is ŉ dialektiese proses waartydens die verhouding tussen die individuele en die algemene gerealiseer word.

Habermas stel egter duidelik perke aan die graad van begrip waartoe die tolk van ŉ literêre teks kan kom. Vir hom bestaan daar ŉ hermeneutiese gaping tussen individue, en juis dit maak dit vir die tolk onmoontlik om dit wat ŉ ander individu in die vorm van byvoorbeeld letterkunde geproduseer het, in sy totaliteit na te speur en te begryp. Die gesprek tussen tolk en teks is kunsmatig, as gevolg waarvan die teks eers kan begin 'praat' wanneer die tolk die individualiteit van die bepaalde teks in die denkbeweging van die hermeneutiese sirkel ekspliseer en te voorskyn bring. Die hermeneutiese proses word egter eers in werking gestel indien daar ŉ steuring tussen tolk en teks intree. Hierdie steuring ontstaan vanweë ŉ teleurgestelde verwagtingshorison, ŉ gebrek aan konsensus tussen tolk en teks (vergelyk Habermas, 1973: 220).

Die geskiedsbewuste ingesteldheid wat beïnvloed is deur bogenoemde intersubjektiwiteit en hermeneutiese gaping, onderwerp hom nie aan die tradisie nie, maar begryp dit anders en doen mee aan die produktiewe ontwikkeling daarvan.

Vir Habermas is die tradisie slegs funksioneel indien dit veranderbaar is. Die persepsionele belangstelling moet homself die kennismaking met die heersende norme van sy eie tyd ten doel stel, ten einde die rol van die tradisie in die verband te kan bepaal. Persoonlike belangstellings is wel 'n produk van die geskiedenis, maar van so 'n aard dat dit die heersende tradisie (eweneens 'n produk van die geskiedenis) kan kritiseer. "Die kritiek ontwikkel uit bepaalde individuele en kollektiewe ervarings van frustrasie; dit ontstaan uit die teenstrydighede tussen oorlewering, teenswoordige ervarings en toekomsverwagtinge" (Hauff e.a. II, 1972: 30). Sou die navorser dus onkrities teenoor die tradisie staan, dan is sy resultate niks meer as ideologiese verdagmaking nie. 'n Kritiese houding ten opsigte van die konkrete geskiedkundigheid van die mens word daarenteen gekenmerk deur die daarstel van 'n nuwe verhouding tussen mens en geskiedkundige werklikheid - die produktiewe ontwikkeling van die tradisie is dus gerealiseer.

Juis in hierdie fiksering van die hermeneutiese navorsing op die konkrete geskiedkundige situasie onderskei Habermas hom van Gadamer en sy voorgangers. In die besonder tree hy daarmee in ekstreme opposisie tot die geestesgeskiedkundige benadering van Dilthey wat weens 'n inherente wantroue teenoor kritiese rasionalisme en wetenskaplik-analitiese denke, in immanente werkinterpretasies eerder van gevoel en intuisie uitgaan. Waar Dilthey hom op abstrakte geskiedkundigheid beroep, fundeer Habermas sy navorsing op die konkrete historisiteit en maatskaplike bindings van

teks en leser in sy soeke na waarheid.

*Hans Robert Jauss en die resepsie-estetika*

Jauss beskou die leser as adressaat vir wie die literêre teks primêr bedoel is. Die leser is in 'n driehoek van outeur, werk en leserspubliek self 'n geskiedvormende energie wat die veranderende ervaringshorison van 'n dinamies aktiewe resepsieproses verteenwoordig. Vir hom het die verhouding van literatuur en leser dus sowel historiese asook estetiese implikasies: die leesproses is die estetiese, die resepsie en interpretasie die historiese komponent.

As een van die moderne eksponente van 'n literatuurgeskiedenis wat op die analise van metodes en persepsionele doelstellings van geskiedswetenskaplike navorsing gefundeer is, baseer Jauss sy navorsing op sewe hipoteses.

* Die estetika van resepsie en invloed word vooropgestel. Die literêre gebeurtenis is slegs in staat om sy invloed vol te hou, indien daar lesers is wat bereid is om 'n teks uit die verlede opnuut te bekyk, of skrywers wat so 'n teks naboots of wil weerlê, want die "literêre werk is geen objek wat op sig self bestaan en vir elke beskouer daarvan te alle tye dieselfde voorkoms aanbied nie" (Jauss, 1973: 171). Die verwagtingshorisonne van kontemporêre en vroeëre lesers verskil van mekaar.

* Tot elke literêre ervaring behoort daar 'n voorkennis te wees op grond waarvan die nuwe waarvan ons kennis neem, enigsins leesbaar is en by ons 'n reaksie ontlok. Elke literêre werk verwek by die leser 'n bepaalde emosionele gewaarwording en inisieer verwagtinge. Die leser neem in die engere horison van sy literêre verwagting en in die breër horison van sy totale lewensbeskouing waar.

* Die kunskarakter van 'n werk word bepaal deur die "estetiese gaping", dit wil sê deur die gaping tussen die

verwagtingshorison en die horisonsverandering. Dienooreenkomstig is dit dus ook logies dat die kunswaarde van 'n werk ook in direkte verhouding tot die veranderende konkrete historiese situasie staan - wat die leserspubliek vandag mag skok, kan na 10 jaar aanvaarbaar wees.

* Die histories-reseptiewe metode is vir die begrip van literatuur wat lank gelede gekonsipieer is, onontbeerlik, want dit toon die hermeneutiese verskil tussen die vroeëre en die huidige vertolking van 'n werk aan: "Kunstradisie vooronderstel 'n dialogiese verhouding van die hede tot die verlede" (Jauss, 1973: 188).

* Die resepsie-estetiese teorie vereis dat die enkele werk teen die agtergrond van sy literêr-chronologiese rangorde gesien moet word, ten einde sy geskiedkundige posisie en betekenis in verhouding tot die totale literatuurproduksie te kan bepaal. Hoe ouer 'n werk is, hoe omvangryker word die verskillende nuanses van interpretasiemoontlikhede. Hierdie diachroniese benadering het tot gevolg dat 'n epog wat interpretasiegewys oënskynlik totaal uitgeput was, nuut ontdek en bestudeer word.

* Die diachroniese analise kan ook met die sinchroniese verbind word. Elke sinchroniese snit deur die literêre produksie van 'n gegewe historiese epog impliseer noodwendig ook snitte deur die voorafgaande en daaropvolgende werke op die diachroniese lyn, ten einde die "histories-literêre struktuurverandering in sy epogale momente te artikuleer" (Jauss, 1973: 195). Op hierdie wyse kan die literatuurwetenskap 'n literatuurgeskiedenis ontwikkel wat nie net op die spitswerke van 'n epog konsentreer nie, maar 'n deursnee-opname van die diachroniese ontwikkeling kan maak.

* "Die taak van die literatuurgeskiedenis is eers afgehandel as die literêre produksie nie alleenlik sinchronies en diachronies in die volgorde van sy sisteme ontleed is nie, maar as besondere geskiedenis ook in sy eie verhouding

tot die algemene geskiedenis gesien word" (Jauss, 1973: 199). Die ontleding van die sosiale betekenis van literatuur maak die funksionaliteit van literatuur in natuurlike, religieuse en sosiale verband oop en oorbrug die kloof tussen literatuur en geskiedenis, tussen estetiese en historiese persepsie.

## GEVOLGTREKKING

Elemente uit beide behandelde metodes is vir ons bruikbaar. Die enkele metode lewer dikwels slegs onvolledige resultate, aangesien daar te maklik 'n kloof tussen vorm en inhoud kan ontstaan. Dit moet altyd onthou word dat literêre tekste slegs enkelmomente binne 'n historiese en totaalgemeenskaplike ontwikkelingsproses is. Die teks bestaan ook nie geïsoleerd nie, maar is met die oog op 'n bepaalde leserspubliek geskryf en die implikasies daarvan moet in sy geskiedkundige konteks herken word. As jy onkrities, onhistories analiseer, kan jy ideologiese skyn in elke enkele werk vervals. Ten slotte moet dit geld wat Adorno van tradisie sê: "Ons moet dit (tradisie) nie vergeet nie, maar ons het ook nie nodig om ons noodwendig daarby aan te pas nie, dit wil sê ons moet dit met ons verwerfde bewussynstand konfronteer en vra wat nog geldig is, en wat dit nie meer is nie (Vogt, 1972: 90).

## BIBLIOGRAFIE

ADORNO, T.W. e.a. 1974. Der Positivismusstreit in der deutschen Soziologie. Darmstadt Neuwied: Sammlung Luchterhand.

GADAMER, H.G. e.a. 1973. Hermeneutik und Ideologiekritiek. Frankfurt am Main: Suhrkamp Verlag.

HABERMAS, J. 1973. Erkenntnis und Interesse. Frankfurt am Main: Suhrkamp Verlag.

HAUFF, J., HELLER, A., HÜPPAUF, B. KÖHN, L., PHILIPPI, K.P. 1972. 2 Bde. Methodendiskussion. Arbeitsbuch zur Literaturwissenschaft. Frankfurt am Main: Athenäum Fischer Taschenbuch Verlag.

HUFNAGEL, E. 1976. Einführung in die Hermeneutiek. Stuttgart: Kohlhammer Verlag.

JAUSS, H.R. 1973. Literaturgeschichte als Provokation. Frankfurt am Main: Suhrkamp Verlag.

JENS, W. 1961. Deutsche Literatur der Gegenwart. Themen, Stile, Tendenzen. München: Piper Verlag.

VOGT, J. 1972. Aspekte erzahlender Prosa. Grundstudium Literaturwissenschaft, Bd.VIII. Düsseldorf: Bertelsmann Universitatsverlag.

WELLEK, R. 1971. Grundbegriffe der Literaturkritik. Stuttgart: Kohlhammer Verlag.